# 'N ANALISE VAN GESKIEDENIS OP UNIVERSITEITSVLAK IN SUID-AFRIKA, 1971 TOT 1973

In opdrag van die Hoofbestuur van die Transvaalse Afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika is 'n opname oor die stand van Geskiedenis op Universiteitsvlak vanjaar gedurende Mei onderneem. Die onderneming het op die vrywillige samewerking van hoofde van Geskiedenisdepartemente berus. Vraelyste is dienooreenkomstig aan alle Universiteite in die Republiek van Suid-Afrika gestuur. Daar is vooraf onderneem dat gegewens van spesifieke Universiteite nie bekend gemaak sal word nie, maar wel gesamentlike data wat tog nog insiggewend kan wees.

Die doel van die opname was om onder andere te probeer vasstel of daar 'n merkbare toename in die getal Geskiedenisstudente aan ons universiteite is, of daar 'n toename op nagraadse vlak te bemerk is, of vroulike studente in groter getalle as mans die Geskiedenis bestudeer, of daar na verhouding meer Afrikaanse as Engelse studente die Geskiedenis bestudeer, ensomeer.

Die gegewens en gevolgtrekkings wat hierna volg, is op 15 September tydens die vergadering van die Federale Hoofbestuur van die Genootskap te Vereeniging bekend gemaak, maar word hier meer volledig uiteengesit. Daar dien op gelet te word dat inligting so noukeurig moontlik ingewin en gekontroleer is. Dit kan egter nie sonder meer as absoluut korrek aanvaar word nie, aangesien sommige syfers slegs op die beraamde skatting van die betrokke beriggewers berus.

Dit blyk uit die opname dat daar vanjaar sowat 99 890 studente aan alle Suid-Afrikaanse universiteit ingeskryf is. Van hierdie totaal bestudeer 7 214 die vak Geskiedenis. Dit verteenwoordig 'n persentasie van 7,2% van alle Suid-Afrikaanse studente. In 1971 was daar sowat 84 686 studente aan all Suid-Afrikaanse universiteite ingeskryf, waarvan 5 710 studente Geskiedenis as vak bestuur het. Dit verteenwoordig 6,7% van die totale studentegetal. Hieruit kan daar afgelei word dat daar gedurende die afgelope twee jaar 'n geringe tendens ten gunste van Geskiedenisstudie aan ons universiteite was. Heel moontlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat meer studente wat voorheen aan Onderwyskolleges sou studeer het, nou aan universiteite ingeskryf is. Die toekoms sal alleen kan aantoon of dié tendens ten gunste van Geskiedenisstudie aan ons universiteite gehandhaaf sal kan word!

Vir die doel van vergelyking is al die Suid-Afrikaanse universiteite in vier groepe verdeel:

(a) die vyf Afrikaans-medium universiteite (U.P., U.S., P.U. vir C.H.O., U.O.V.S. en R.A.U.);
(b) die vier Engels-medium universiteite (Wits, U.K., Natal en Rhodes);
(c) die twee Dubbel-medium universiteite (Unisa en U.P.E.) en
(d) die vyf Nie-Blanke universiteite (Durban-Westville, Wes-Kaapland, U. van die Noorde, Fort Hare en U. van Zululand).

Hierdie groepsverdeling is kritiseerbaar, maar was die enigste voor-

die-handliggende uitweg. Daar dien op gelet te word dat die Universiteit van Suid-Afrika, wat as dubbel-medium universiteit ingedeel is, in getalle alle ander universiteite oortref, ook Nie-Blanke Geskiedenisstudente het en 'n nie-residensiële universiteit is. Dit plaas Unisa eintlik in 'n eiesoortige posisie, maar volgens ooreenkoms mag inligting van spesifieke universiteite nie bekend gemaak word nie.

By 'n ontleding van die verskillende groepe universiteite blyk dit dat daar vanjaar 2 128 Geskiedenisstudente aan die Afrikaans-medium universiteite studeer. Dit is 5,8% van hul totale getal ingeskrewe studente. In 1971 was daar 1 686 Geskiedenisstudente aan hierdie universiteite. Dit was toe sowat 5,4% van die totaal.

Daar is vanjaar ook 1 103 Geskiedenisstudente aan die Engels-medium universiteite. Dit is sowat 5% van hul totale studentetal. In 1971 was daar 833 Geskiedenisstudente en hulle was net minder as 4% van die totaal.

Vanjaar is daar 2 842 Geskiedenisstudente aan die sogenaamde dubbel-medium universiteite. Dit is sowat 8,7% van hul totale studentetal. In 1971 was daar 2 203 Geskiedenisstudente aan hierdie universiteite ingeskryf wat 8,2% van hul totaal verteenwoordig het.

In die vierde instansie is daar vanjaar 1 141 Geskiedenisstudente aan die Nie-Blanke universiteite. Dit is (let wel!) sowat 15,7 van hul totale studentetal. In 1971 was daar aan hierdie universiteite 988 Geskiedenisstudente ingeskryf wat 19,4% van hul totaal verteenwoordig het. Hierdie merkbare afname in die studie van Geskiedenis by die Nie-Blanke universiteite is moontlik toe te skryf aan onlangse uitbreidings en die invoer van groter vakkeuses, maar die persentasie Nie-Blankes wat Geskiedenis op universiteitsvlak bestudeer, bly steeds veel groter as die ander. Die onbekende getal Nie-Blankes wat Geskiedenis aan Unisa bestudeer, is ook nie hierby ingereken nie.

Vervolgens kan ons let op die onderskeie totale getal manlike en vroulike Geskiedenisstudente aan die Suid-Afrikaanse universiteite:

| UNIVERSITEITE | DAMES | | MANS | |
|---|---|---|---|---|
| | 1971 | 1972 | 1971 | 1972 |
| Afrikaans-medium | 954 | 1 153 | 775 | 1 019 |
| Engels-medium | 447 | 621 | 336 | 482 |
| Dubbel-medium | 826 | 982 | 1 752 | 1 876 |
| Nie-Blank | 235 | 324 | 763 | 817 |
| TOTAAL | 2 462 | 3 080 | 3 656 | 4 194 |

Dit blyk hieruit duidelik dat die totale meerderheid manlike Geskiedenisstudente uistluitlik aan die laaste twee groepe Universiteite toegeskryf kan word.

Op nagraadse vlak (Honneurs en verder) is die manlike Geskiedenisstudente oral in die meerderheid. Dit is naastenby soos volg:

| UNIVERSITEITE | DAMES | | MANS | |
|---|---|---|---|---|
| | 1971 | 1972 | 1971 | 1972 |
| Afrikaans-medium | 23 | 17 | 120 | 133 |
| Engels-medium | 27 | 13 | 32 | 36 |
| Dubbel-medium | 37 | 47 | 125 | 145 |
| Nie-Blank | 3 | 2 | 37 | 16 |
| TOTAAL | 90 | 109 | 314 | 330 |

Daar is tans 'n totaal van 439 Geskiedenisstudente besig met nagraadse Geskiedenisstudie of -navorsing aan die Suid-Afrikaanse universiteite. Dit is ietwat meer as die 404 nagraadse Geskiedenisstudente wat in 1971 in Suid-Afrika was.

Dit was onmoontlik om in hierdie opname vas te stel hoeveel voorgraadse diploma-studente Geskiedenis aan die universiteite bestudeer. Een Departementshoof het soos volg laat weet: „Dit is uiters moeilik om die hoeveelheid Diploma-studente te bepaal, aangesien talle gedurende die jaar dros! Om 'n syfer te verstrek sal misleidend wees".

Die slaagsyfer van Geskiedenisstudente aan die Suid-Afrikaanse universiteite bied 'n insiggewende beeld. In die breër belang van Geskiedenis is daar nie 'n vergelyking van slaagsyfers van die verskillende groepe universiteite gemaak nie, maar wel tussen die slaagsyfers van verskillende jaargroepe (of studie-vlakke). Die volgende slaagsyfers impliseer ook nie dat al die orige Geskiedenisstudente in een of albei die eksamens gedruip het nie. Sommige het waarskynlik nie aan die eksamenvereistes voldoen nie vanweë swak klassyfers (die jaarpunt), ongesteldheid, beëindiging van die studiekursus of ander persoonlike redes.

*Geskiedenis I:*

Twee universiteite het ongelukkig nie volledige inligting oor hul slaagsyfers ten opsigte van eerstejaarstudente verskaf nie. Hierdie universiteite se getal ingeskrewe Geskiedenis I-studente moes dus ook in die volgende opgawe buite rekening gelaat word:

| Studiejaar ...... | 1971 | 1972 |
|---|---|---|
| Totale getal ingeskrewe Geskiedenis I-studente | | 3 789 |
| Minus twee universiteite buite rekening ...... | | 183 |
| Getal Geskiedenis I-studente in ag geneem ...... | | |
| Getal geslaag in Desember-eksamen ...... | [illegible] | |
| Getal geslaag in volgende Februarie-eksamen* | | |
| Totale getal geslaag na eerste studiejaar ...... | | |
| Persentasie geslaag na eerste studiejaar ...... | | |

* Die Februarie-eksamen is in hierdie en alle verdere gevalle die eksamen wat na afloop van die vorige studiejaar plaasgevind het, dit wil sê in Februarie 1972 vir die 1971-studiejaar en in Februarie 1973 vir die 1972 studiejaar.

Dit is onseker waarom daar 'n afname van 1,6% in die suksesvolle aflegging van die Geskiedenis I-eksamens tussen die 1971- en 1972-studiejare was. Blykbaar is getalstoename van Geskiedenis I-studente nie 'n aanduiding van kwaliteitstoename nie!

*Geskiedenis II:*

Een universiteit het ten opsigte van tweedejaarstudente nie volledige inligting verstrek nie. Hierdie universiteit se getal ingeskrewe Geskiedenis II-studente moes gevolglik ook buite rekening gelaat word:

| Studiejaar | 1971 | 1972 |
|---|---|---|
| Totale getal ingeskrewe Geskiedenis II-studente | 1 321 | [illegible] |
| Minus een universiteit buite rekening | 60 | |
| Getal Geskiedenis II-studente in ag geneem | 1 261 | |
| Getal geslaag in Desember-eksamen | [illegible] | [illegible] |
| Getal geslaag in volgende Februarie-eskamen | | |
| Totale getal geslaag na tweede studiejaar | | |
| Persentasie geslaag na tweede studiejaar | | |

Op tweedejaarsvlak het die Geskiedenisstudente 'n geringe vordering van 0,9% met suksesvolle studie getoon.

*Geskiedenis III:*

Ten opsigte van hierdie studiejaar het die bogenoemde universiteit eweneens nie inligting verskaf nie en gevolglik moes daarmee rekening gehou word:

| Studiejaar | 1971 | 1972 |
|---|---|---|
| Totale getal ingeskrewe Geskiedenis III-studente | 804 | 772 |
| Minus een uiversiteit buite rekening | 36 | 40 |
| Getal Geskiedenis III-studente in ag geneem | | 732 |
| Getal geslaag in Desember-eksamen | | 548 |
| Getal geslaag in volgende Februarie-eksamen | | 24 |
| Totale getal geslaag na derde studiejaar | | 572 |
| Persentasie geslaag na derde studiejaar | 79,8% | 78,1% |

Op derdejaarsvlak is daar nie net in 1972 'n getalsvermindering waar te neem nie, maar ook 'n afname van 1,7% ten opsigte van die suksesvolle aflegging van die Geskiedenis-eksamens.

Hoe vergelyk hierdie gegewens met statistiek van die Verenigde State van Amerika wat vandag op so baie terreine in die Westerse Wêreld die toon aangee? Wat blote getalle betref, het Suid-Afrika 'n aanmerklike agterstand. In die jaar 1960 is daar in die V.S.A. nie minder as 14 753 B.A.-grade aan studente wat Geskiedenis as hoofvak bestudeer het, toegeken nie.

*Honneurs-Geskiedenis:*

In hierdie afdeling was daar ook 'n universiteit wat geen eksamenuitslae verstrek het. Dit moes hier in ag geneem word:

| Studiejaar | 1971 | 1972 |
|---|---|---|
| Totale getal ingeskrewe Honneurs-Geskiedenisstudente | 231 | 223 |
| Minus een een universiteit buite rekening | 13 | 13 |
| Getal Honneurs-Geskiedenisstudente in ag geneem | 218 | 210 |
| Getal geslaag in Desember-eksamen | | 31 |
| Getal geslaag in volgende Februarie-eskamen | | 37 |
| Totale getal geslaag na vierde studiejaar | | 68 |
| Persentasie geslaag na vierde studiejaar | | 32,4% |

Die bostaande uiteensetting weerspieël twee feite. In die eerste plek was daar 'n klein afname in die getal Honneursstudente in die 1972-studiejaar. In die tweede plek is die slaagpersentasie baie laag in vergelyking met die tweede en derde studiejare. Laasgenoemde verskynsel kan waarskynlik grotendeels toegeskryf word aan die feit dat baie ingeskrewe Honnoeursstudente die kursus deeltyds (dikwels na-uurs) oor twee akademiese jare afhandel. Dit bly ook 'n feit dat hoër eksamenstandaarde van Honneursstudente as van derdejaars vereis word.

*M.A.-studie in Geskiedenis:*

In die meeste gevalle berus hierdie studievlak hoofsaaklik of uitsluitlik op die suksesvolle voltooing van 'n verhandeling of skripsie oor 'n historiese onderwerp wat in 'n minimum tydperk van een akademiese jaar (voltyds) afgehandel kan word.

| Studiejaar | 1971 | 1972 |
|---|---|---|
| Totale getal ingeskrewe M.A.-studente | 104 | 130 |
| Persentasie geslaag | 12 | 15 |
| Totale getal geslaag | | |

Hierdie slaagsyfer vergelyk maar swak met dié van die V.S.A. waar 1 794 M.A.-grade in die jaar 1960 aan Geskiedenisstudente toegeken is.

*D.Phil.-studie in Geskiedenis:*

Hierdie studievlak berus eweneens hoofsaaklik op die suksesvolle afhandeling van 'n proefskrif oor 'n bepaalde historiese tema of terrein in 'n minimum tydperk van twee akademiese jare (voltyds).

| Studiejaar | 1971 | 1972 |
|---|---|---|
| Totale getal ingeskrewe D.Phil.-studente | 62 | 55 |
| Persentasie geslaag | 4 | 9 |
| Totale getal geslaag | 6.5% | 16,4% |

'n Opvallende verskynsel by sowel die getal ingeskrewe M.A.- as D.Phil.-studente, is die relatief klein persentasie wat jaarliks suksesvol gradueer. In die tydperk 1953-1960 het daar jaarliks gemiddeld 319 Geskiedenisstudente die graad Ph.D. in die V.S.A. ontvang. Van hierdie groep was sowat 13% tot 15% dames. In die enkele jaar 1960 is 342

doktorsgrade aan Geskiedenisstudente in die V.S.A. toegeken. Daar is in die vroeë sestiger jare in die V.S.A. statisties beraam dat aan 323 een-en-dertigjarige Geskiedenisstudente die graad Ph.D. in die jaar 1970 toegeken sou word. Daar sou op daardie tydstip na berekening beroepsvakatures aan 506 nuwe Ph.D.-graduandi in die Geskiedenis in die V.S.A. beskikbaar wees!

Uit die opname wat hier ter plaatse onderneem is, blyk dit dat daar tans 107 dosente en dosent- of navorsingsassistente (uitgesonderd tiksters en administratiewe personeel) aan die Geskiedenisdepartemente van Suid-Afrikaanse universiteite verbonde is. Hulle is soos volg verdeel tussen die vier reeds genoemde groepe.
universiteite:

| UNIVERSITEITE | Dosente | Studente | [illegible] |
|---|---|---|---|
| Afrikaans-medium ... ...... ...... ...... | 34 | 2 128 | 1 : 62 |
| Engels-medium ...... ...... ...... ...... | 30 | 1 103 | 1 : 37 |
| Dubbel-medium ...... ...... ...... ...... | 24 | 2 842 | 1 : 118 |
| Nie-Blank ...... ...... ...... ...... ...... | 19 | 1 141 | 1 : 60 |
| TOTAAL | [illegible] | [illegible] | [illegible] 67 |

In Europa en die V.S.A. is die huidige getalsverhouding tussen Geskiedenisdosente en -studente in die algemeen veel kleiner as in Suid-Afrika. Volgens prof. J. D. Fage van die Sentrum vir Wes-Afrika-studie van die Universiteit van Birmingham, wat Suid-Afrika vanjaar besoek het, word daar tans aan hierdie inrigting 'n maksimum van 12 studente (waarvan nie meer as die helfte nagraads is nie) per dosent toegelaat. Gewoonlik is die getalsverhouding hier maar sowat agt studente per dosent. Dit spreek dus byna vanself dat oorsese universiteitsdosente veel meer tyd en kragte aan historiese navorsing en publikasies kan bestee as diegene wat hier ter plaatse aan universiteite verbonde is.

Hoe is dit met die kwalifikasies van Suid-Afrikaanse dosente in die Geskiedenis gesteld? Uit die opname blyk dit dat slegs 39 (of te wel 36,4%) van die doserende personeel aan Suid-Afrikaanse universiteite oor 'n doktorskwalifikasie beskik. Darenteen het sowat 65% van alle historici wat teen 1960 in die V.S.A. aan universiteite en akademiese kolleges verbonde was, oor 'n Ph.D.-kwalifikasie beskik. Dit stem ooreen met 'n opname wat in 1952 in die V.S.A. onderneem is waarvolgens 63% van 'n groep van 2 562 aktiewe historici oor doktorsgrade beskik het.

Volgens 'n persoonlike mededeling van prof. Robin Winks, 'n historikus van Yale-universiteit wat Suid-Afrika vanjaar besoek het, beskik meer as honderd dosente van die relatief klein, maar gesogte Geskiedenisdepartement van genoemde universiteit tans oor 'n Ph.D.-graad.

Ten slotte. Wat baat 'n kantitatiewe analise soos hierdie? Dit kan hopelik lig werp op nuwe tendense in die studie van die Geskiedenis aan ons universiteite. Dit kan die beoefenaars van die vak bemoedig of waarsku indien daar 'n algemene toename of afname in die bestudering van die vak op universiteitsvlak is.

Nogtans sal dit altyd loon om in gedagte te hou dat *nie* 'n dolle

wedywering om meer Geskiedenisstudente nie, maar wel die *begeestering* van studente en *kwaliteit* van Geskiedenis op universiteitsvlak uiteindelik van deurslaggewende belang sal wees. Hieraan moet reeds op skoolvlak deur toegewyde Geskiedenisonderwysers gebou word.

J. de Villiers